

PREDIKANTE

Ds. Anton Dednam
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za
(Wyke met gelyke nrs.)

Ds. Danie Potgieter
072 272 9631
danie@gkrietvallei.co.za
(Wyke met ongelyke nrs.)

SKRIBA
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

DIAKONIE
Diaken Annamarie
van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

**OPERASIONELE
BESTUURDER**
Ouderling Thomas
Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

SUSTERS
Sr. Inneke Dedman
081 750 6468
gkrietvalleisusters
@gmail.com

FINANSIES
Estelle Strydom
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

ADMINISTRASIE
Diaken Karen de
Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

KOSTER
Ouderling Thomas
Coetsee
061 197 3695

ORRELIS
Sr. Christine v Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.
co.za

ELJADA
eljada@gkrietvallei.co.za



Vertel en Leef die Goeie Nuus

“Laat elkeen van ons sy medemens behaag met die oog op
wat vir hom goed is en hom kan opbou.” Romeine 15:2

30 Augustus 2026

WOORDBEDIENING

OGGENDDIENS om 08:00 en 10:00
(Nagmaal)

- Skb.10: 1 - 2
- Psalm 40: 3 - 4
- Psalm 40: 5
- Psalm 23: 3
- Psalm 116: 1, 7
- Skb.10: 3 - 6

Skriflesing: Genesis 22:1-16 (2020 Vertaling)

Tema: Op die berg van die Here sal voorsien word.

Op die berg in die landstreek van Moria verhinder God dat Abraham se geliefde seun die offer word. Eeue later op Gólgota gee die Vader Sy enigste, geliefde Seun as ons Plaasvervanger, neem Hy ons oordeel op Hom. Die gedeelte bring belangrike vrae:

- a) Waarom word beklemtoon dat Isak, wat geoffer moet word, Abraham en Sara se enigste en geliefde kind is?
- b) Wie is God wat hier praat, want later word Hy ook die Engel van die Here genoem?
- c) Waarom moet Abraham en Isak juis gaan na 'n berg in Moria (3 daGREISE ver, vs.4) – die berg van “die HERE voorsien”?

- 1. Enigste en geliefde kind
- 2. God aan die woord
- 3. Op die-HERE-voorsien-berg

WOORDBEDIENING

AANDDIENS om 18:00

Ps 122: 1-2;
Ps 72: 8-11;
SB 2-4

Skriflesing: Matteus 10: 40-42; Johannes 13: 34-35; Matteus 25: 31-46
[Direkte Vertaling]

“³¹Wanneer die Seun van die Mens in sy heerlijkheid kom, en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy glansryke troon gaan sit. ³²Al die nasies sal voor Hom byeengebring word, en Hy sal hulle van mekaar skei soos 'n herder die skape van die bokke skei.”

Matteus 25:31-32

Tema: Jesus Christus kom terug in heerlijkheid om tussen skape en bokke te skei; wees lief vir jou broer, terwyl jy wag.

'n Herinnering van kerngedagtes uit Matteus 24:1-25:30

- Jesus Christus sal terugkom in heerlijkheid en dan sal alles verander.
- Totdat Jesus terugkom gaan niks werklik verander nie.
- **Niemand** weet wanneer Jesus Christus gaan terugkom nie.
- Ons moet elke dag reg wees Jesus se wederkoms. Ons kan nie wag vir 'nuwe inligting' voordat ons reg maak nie.
- Ons moet reg wees vir 'n lang wag.
- Ons moet besig wees met die gewone (dienswerk), terwyl ons wag.





BAIE GELUK

*Saam met
elke lidmaat
wat hierdie
week
verjaar, dank
ons die Here
vir nog 'n
geseënde
lewensjaar.*

*Ons bid vir
elke lidmaat
wat verjaar
die Here se
genade en
vrede vir 'n
vreugdevolle
nuwe
lewensjaar
toe.*

*“Mag die
Here jou
seën uit
Sion, sodat
jy al die dae
van jou lewe
die goeie
van
Jerusalem
sal geniet”
Psalm 128:5*

BELYDENDE LIDMATE

30 Aug	Elizabeth Coetsee	A04
30 Aug	Marco de Bruyn	A26
30 Aug	Jaco de Lange	A26
30 Aug	Gerrit Kornelius	A28
30 Aug	Marni Olivier	A22
30 Aug	Martin Otto	D31
31 Aug	JoAnne Jv Rensburg	D19
31 Aug	Loutjie Prinsloo	A20
31 Aug	Leandra v Niekerk	A22
1 Sept	Karin Duvel	D11
1 Sept	Pieter Jordaan	A10
1 Sept	Luan Opperman	D23
1 Sept	Gerlof Reitsma	A30
1 Sept	Erenst Wepener	D33
2 Sept	Juan du Plessis	D31
2 Sept	Mari-Louise Erasmus	A16
2 Sept	Tanya Roberts-Kruger	D17
2 Sept	Theys Smit	D11
3 Sept	Trudi Bosua	D01
3 Sept	Megan Jonker	D31
3 Sept	Marco le Roux	A32
4 Sept	Roelof Broodryk	A04

***Die volgende lidmate
word aan die sorg van
ons Here opgedra:***

- Br. Chris en sr. Nita van der Walt (A16). Br. Chris se vader is opgeneem in ISE eenheid en ontvang behandeling.
- Br. Pierre Hoffman (A16) word gehospitaliseer en ontvang behandeling.
- Sr. Zea Ligthelm (D19) het 'n operasie ondergaan en herstel.
- Sr. Ansie van der Hoven (A24) het 'n operasie ondergaan en herstel.
- Br. Gerhard en sr. Ester van der Walt (D11) se dogter is ontslaan nadat sy lank gehospitaliseer was.
- Sr. Tina Knox (D21) se gesondheid laat nie toe dat sy 'n operasie kan ondergaan nie. Ons dra haar op aan die Here se sorg.
- Sr. Anita Olivier (D21) is in Kloofhospitaal opgeneem vir behandeling.



Inligting



Kollekte by deure
vir die
**EMERITAATS-
VERSORGING**



Kollekte onder die
diens gaan vir die
barmhartigheds-
diens van die
diakens

Die emeritaatsfonds word gebruik om
emerituspredikante, -weduwees en
wese van die GKSA met
lewensonderhoud en mediese
bystand eervol te help versorg.

Vandag is die vyfde
geleentheid vanjaar om vir hierdie
doel by te dra.
Baie dankie vir u bydrae.

RIETVALLEI SE BANKREKENING- BESONDERHEDE

Kerkkas: Rekeningnommer:
34 9014 4306 Gebruik asb.
verwysing: WYK VAN NAAM

Diakonie: Rekeningnr: 40 5113 8620

Susters: Rekeningnr: 40 9473 9097

Franse Mediabediening: 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA takkode:
632 005

30 Augustus – 5 September

VANDAG – 30 Augustus

Nagmaal
Gemeente-ete: Hamburgers
Gr 8-12 Gesprek saam met ds. Anton
(Konsistorie)

MAANDAG – 31 Augustus

Pluimbal: 16:00 – 20:00

DINSDAG – 1 September

Bybelstudie Seniors: 10:00 (Raadsaal)

WOENSDAG – 2 September

Pluimbal: 17:00 – 19:00

DONDERDAG - 3 September

Gemeente Bybelstudie: 09:00 (Saal)

VRYDAG - 4 September

Bybelstudie: Vroegoggendvolgeling: 06:00
(Aanlyn)

SATERDAG - 5 September

GKR Damesoggend: 09:00

Aktiwiteite hierdie week



Skinkbeurte

☑ 6 Sep – Sondag
☕ A12 & D15

☑ 13 Sep – Sondag
☕ A14 & D17

September 2026



☑ 20 Sep – Sondag
☕ A16 & D11

☑ 27 Sep – Sondag
☕ Vrywilligers

📱 Sustersbestuurslid aan diens:
Carli van Niekerk - 076 543 9897

Kontak Carli vir enige navrae rakende die kombuis
en ander suster-sake gedurende September



NUWE REDAKTEUR VIR DIE RIETFLUIT

Het jy 'n liefde vir skryf, kommunikasie en wil betrokke wees by ons gemeente?

Ons is op soek na iemand wat die redaksie van die Rietfluit wil oorneem.

Met groot dank en waardering sê ons dankie aan br. Pieter Botha, wat sedert 2021 die Rietfluit met toewyding behartig het.

Belangstellendes kan asseblief met die skriba skakel:

Oudl. Deon Venter 083 376 7523 / skriba@gkrietvallei.co.za



Inligting

[GKR]

RAAK BETROKKE *Susters* DIENSGROEPE

SAAM DIEN ONS MET LIEFDE
ELKE GAWE MAAK 'N VERSKIL

VERVERSINGS EN DEKOR



by funksies
(Kerssangdiens/
Paasdiens ens)



ETES IN NOOD

Maak en laai etes af
vir mense wat deur
moeilike tye gaan



TEESKINK KOÖRDINEERDER

Reël met die
wyke om tee te
skink



VERVERSINGS TYDENS KERK- RAADSVERGA- DERINGS

Bedien en maak van
verversings



SUSTERS DIAKONALE ONDERSTEUNINGS GROEP

Ondersteun met
diakonale aksies



♥
*Dankie vir
jou tyd, liefde
en getroue
diens!*



VIR MEER INLIGTING RONDON OM ELKE GROEP
VOLG DIE SKAKEL HIERONDER



SLUIT AAN VIA DIE
GKR GEMEENSAP OP WHATSAPP →

Saam bou ons God se Koninkryk



Inligting

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI

DIAKONIEFONDS

Terugvoer: 1 April tot 31 Julie 2026

Ons opregte dank aan elkeen wat bydra tot die diakoniefonds

Totale ontvangste vir die finansiële jaar (tot op 31 Julie)

R449 400,23



88%

Barmhartigheid

Gesinne in nood binne ons gemeente



10%

Buite die gemeente

Kinderhuise: Ramotse, Kings Hope en
Mmakau



2%

Gemeentefunksies

Samehorigheid en funksies, soos
nagmaale

Neem asseblief kennis dat daar 'n groot behoefte in ons gemeente is en ons is baie afhanklik van u bydraes.
Betaal u in die kerk se rekening? Dui asseblief "DIAKONIE" as verwysing aan, anders gaan die fondse na die kerkkas.
(Alternatiewelik, betaal direk in Diakonie se rekening.)



Onthou die datum:

29 November 2026

Hoekom?

Ons vier dan die geboorte van Christus!!

Hou jy van sing?

Kom sing saam in ons sanggroep ter voorbereiding van ons
Christusfees!

Ons eerste oefening is Sondag

6 September om 16:30



Inligting

President Kruger Kinderhuis.

Dit gaan goed en die einde van die jaar het nog uitdagings wat darem oorkombaar is. Die kinderhuis het tans 27 seuns en 36 dogters. Die volgende behoeftes kan aangespreek word en is altyd welkom.

1. Toiletware.
2. Persoonlike higiëniese produkte.
3. Nie-bederfbare ontbytprodukte.

Plaas asseblief al die produkte onder die trappe in die voorportaal.

Dankie Diakonie



BAIE GELUK:

Baie geluk aan br. Johan en sr. Tania Krüger (D17) met die geboorte van hulle babaseun Christiaan op 25 Augustus.

Baie geluk aan Sebastiaan Louw (A10), seun van br. Rayno en sr. Marlize de Wet. Sebastiaan is verkies as hoofseun van Hoërskool Garsfontein vir 2027.

GKSA Nuus:

Beroepe ontvang:

- Ds MH (Marco) le Roux van GK Reitz/Lindley na GK Wolmaransstad.

Baie geluk aan br. Johan en sr. Anita Olivier (D21) wat DV 28 September hulle 52ste huweliks-herdenking vier.



Ouderlinge en Diakens

Die volgende name word ter approbasie voorgehou:

Ouderlinge:

Lourens Dormehl (D19)
Gert van Rooyen (D17)
Pieter Jordaan (A10)

Diakens:

Zander Dormehl (D19)
Louis Strydom (D17)
Charl Venter (A02)
Cobus Swart (A06)
Wimpie Steenkamp (D05)
Henri van der Merwe (A16)

ATTESTATE

Die volgende lidmaat het aangedui dat hy, hom vereenselwig met die leer, diens en tug van die GKSA en word met vreugde opgeneem:

- Br. Ian en sr. Tertia van Heerden met dooplidmate Lené asook Juan (D09).

Met attestaat verwelkom:

- Vanaf Magalakwin: Sr. Mandi Opperman (D09).

Met attestaat vertrek:

- Na: RCT: Br. Ian en sr. Suret Diedericks met dooplidmaat Alex (A08).

Gemeenskap met GKSA opgesê:

- Na 3CI: Sr. Zandrie van Schoor (A02)
- Na NG Grabouw: Sr. Ina Dreyer (D21).

Vertrek Sonder Attes:

Br. Marco en sr. Clareece Smit (D03) met dooplidmaat Liam.



BYBELVERSPREIDING

Om vir iemand 'n Bybel te gee is om aan hom of haar toegang tot die Brood van die Lewe te gee. Skenk 'n Bybel en begelei die ontvanger in die regte gebruik van die Bybel.

Hoekom ondersteun ons die Bybelgenootskap?

Die Bybelgenootskap is volkome afhanklik van die gebede en finansiële ondersteuning van alle Christene, kerke, sakeondernemings en ander organisasies om sy taak, bekostigbare Bybels vir almal, uit te voer. Help die Bybelgenootskap met bekostigbare Bybels vir almal en maak jou bydrae!

Hou asseblief ook in gedagte:

- Ons streef daarna om voor die einde van 2026 aan minstens 50 kinders uit arm huishoudings 'n Bybel te kan skenk.
- Dit is ons mikpunt om vanjaar 500 Bybels te kan borg. Rietvallei, met sowat 700 besoekpunte behoort hierdie teiken maklik te haal as daar uit elke besoekpunt slegs een Bybel geborg kan word.
- Volgens die jongste pryslys van die Bybelgenootskap, is die pryse van die Bybels waarvan ons die meeste aankoop en versprei, soos volg:
 - Afrikaans 2020 standaarduitgawe: R195-00
 - Engels, Sepedi, Sesotho, Setswana, en IsiXhosa almal R169-00; en
 - IsiZulu R147-00; IsiTsonga en Sepedi: R295; Venda: R261
- Baie dankie aan die lidmate wat Bybels in die portaal neem om uit te deel. Hou egter hierdie pryse in gedagte indien u 'n bydrae vir die Bybelverspreidingsfonds wil maak.
- Daar is 'n houer met koeverte, pilbotteltjies en buisies op die rak in die portaal beskikbaar. Maak gerus gebruik hiervan vir jou bydrae vir Bybelverspreiding. (Elke botteltjie hou 20 R5-munte = R100) of doen 'n EFT gemerk "Bybelverspreiding".

Baie dankie vir u bydrae!

GESPREKSGELEENTHEID VIR DIE GEMEENTE

Met die fokus gedurende Augustus op Bybelverspreiding, dink ons ook opnuut aan die wonder van die Bybel in ons hand: Die Woord van die HERE waarmee Hy ons lei in geloofsgroei. By elke Bybelleser kom daar sekerlik van tyd 'n vraag oor die samestelling van die kánon – waarom bestaan die Bybel uit 66 boeke, waarom is sekere antieke geskrifte nie ingesluit in die kánon nie? Die Bybelverspreidingsdiensgroep het dit dus goedgevind om 'n kenner te kry om sy insigte in hierdie verband met ons te kom deel.

Datum: Vrydagaand 11 September 2026
Tyd: 19:00 – 20:00
Plek: Kerkgebou
Onderwerp: Apokriewe en pseudepigrave: Wat is die verskil?
Gespreksleier: Prof. Gerrit Smit, vise-kanselier, rektor en ook hoof: Departement Nuwe Testament van die AP Akademie.

Kom luister en praat saam oor hierdie onderwerp.



Gemeente-aksies

Liewe Susters,

Ons benodig geskenkies/donasies vir ons Damesoggend.

Geskenkies soos:



Spa/Naels geskenkbewys



Opgemaakte geskenkies van vel produkte



Restaurant geskenkbewys vir 2 (lekker date-night)



Enige dames geskenkies of kontant donasies.



Kontak asb vir Carin Rheeder 061 818 4265 as jy n geskenkie wil borg of donasie wil maak.



Weereens dankie.
Groete, Sustersbestuur.

GKR Damesoggend 2026

Lente van binne en buite



HOU DIE DATUM OOP:

5 September 2026

09:00



Wil jy graag die oggend bywoon maar sien nie kans om as gasvrou op te tree nie?

Koop gerus 'n kaartjie teen R200.

Jou kaartjie sluit 'n eet-en drinkingetjie in.



Gelde kan in sustersrekening inbetaal word.
(Sien Eljada vir bankbesonderhede).
Verwysing: Jou naam, van en dameste 2026.



GK RIETVALLEI



5 SEPTEMBER 2026



09:00



VIR ALLE VROU EN MEISIES!



GASSPREKER

KARYNA LE ROUX

Versier jou met die Woord.



MODE-ONTWERPER

INGRID POWELS
Ontwerper & eienaar van Ponki Bridal Collections

Leer watter styl, kleure en klere pas by elke vrou.

MOENIE DIT MISLOOP NIE!



MODEPARADE



EET EN KUIER SAAM



KIES JOU STYL MET SELFVERTROUW



THRIFTING
Mooi tweedehande klere te koop.



PLAAS JOU SKENKINGS
vanaf 26 Julie tot
— 24 Augustus —
in die bokse in die kerk se voorportaal.



ELKE SKENKING
maak 'n
verskil!

Groete Sustersbestuur

GK Rietvallei Gemeentekamp 2026

**Zorgvliet
23 – 28 September**

**Inskrywings op GKR
Gemeenskap-WhatsApp**





30 AUGUSTUS GEMEENTE BURGER-ETE!



Kom kuier saam ná **NAGMAAL**
en geniet 'n lekker "Bou-jou-eie Burger"-ete
saam met die gemeente!



DIAKONIE VOORSIEN:



Burger buns



Wildsvleis-patties



Nagereg



ELKE GESIN BRING
ASSEBLIEF HUL
EIE GUNSTELING
GARNISH/TOPPINGS
om julle perfekte burger
te bou – van uie en
tamatie tot blaarslaai
en alles tussenin!



EET JY NIE
WILDSVLEIS NIE?

Geen probleem!
Bring asseblief
jou eie patties
saam.



ELKE GESIN
BRING OOK
ASSEBLIEF 'N
BYGEREG
om met ander te
deel om saam die
burger te geniet.



Bou jou
burger
soos **JY**
dit wil hê!



Kom geniet 'n lekker **gemeente-ete**, kuier
en samesyn ná Nagmaal!





Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont, Tel: (012) 377-0503 / 0670846792 (Petro)

info@eljadahuis.org.za / kontak@eljadahuis.org.za



NUUSBRIEF (8) 27 AUGUSTUS 2026

Goeiedag almal

Eerstens wil ek graag vir almal om verskoning vra vir die lang stilte van ons kant af.

Die afgelope tyd was 'n bietjie anders as gewoonlik, en ek is ongelooflik dankbaar teenoor die Here vir Sy genade en voorsiening wat dit vir my moontlik gemaak het om vir 'n kort rukkie met verlof te kon gaan.

Maar al was ons stil, was die Here nooit stil nie! Ons is elke dag bewus van Sy hand oor Eljada Huis en van die wonderlike mense wat Hy oor ons pad stuur om saam met ons hierdie pad te stap.

'n BAIE SPESIALE DANKIE!

Ons wil uit die diepte van ons harte baie baie dankie sê vir die ongelooflike donasies wat ons die afgelope tyd ontvang het.

Ons is werklik oorweldig deur julle liefde, vertroue en bereidwilligheid om ons te help. Dit is maar net weer vir ons 'n bevestiging dat die Here voorsien.

VOERTUIG VIR ELJADA HUIS

Ons sal binnekort 'n volledige opdatering uitstuur oor die bedrag wat ons tot dusver ontvang het vir ons voertuigprojek.

Ons kan nie elke persoon wat 'n bydrae maak, genoeg bedank nie. Elke bedrag, groot of klein, raak ons geweldig diep.

ONS GESINNE

Intussen gaan ons voort met die ondersteuning van ons 15 gesinne (39 lede) en probeer ons om in hulle behoeftes te voorsien waar ons kan.

Die nood in ons gemeenskap bly groot en ons besef telkens weer hoe bevoorreg ons is om 'n klein deeltjie van iemand anders se las te kan help dra en moedeloosheid te vervang met hoop.

ONS BEHOEFTE

Klere, toiletware en ander basiese benodigdhede word steeds benodig.

Enige nie-bederfbare voedsel sal opreg waardeur word.

Ons benodig ook nog 'n wasmasjien en mikrogolfoond vir een van ons gesinne. Indien jy graag op enige manier wil help, kontak ons gerus.

KOEKIEPROJEK

Ons koekieprojek gaan steeds voort en staan ons ampertjies weer voor die deur van die Desemberavansie. Bestellings kan nou alreeds geplaas word.

Ons is baie dankbaar vir elke persoon wat ons produkte koop en daardeur ook die werk van Eljada Huis ondersteun.

Elke bestelling help ons om fondse te genereer wat weer aangewend word waar die nood die grootste is.

Vir bestellings of navrae, stuur gerus 'n WhatsApp na 0670846792 of e-pos by petro@eljadahuis.org.za.

ONS KAN DIT NIE SONDER JULLE DOEN NIE

Eljada Huis is nie net 'n organisasie nie. Dit is mense wat vir mense omgee deur die genade van die Here wat in en deur almal se harte werk.

En elkeen van julle wat bid, gee, koop, deel, help of bloot vir ons 'n boodskap van bemoediging stuur, is deel van hierdie familie,

Ons is opreg dankbaar vir elke enkele persoon wat saam met ons glo dat ons 'n verskil kan maak. Ons weet ook dat ons dit nie in ons eie krag doen nie.

Die Here voorsien onophoudelik en dit is iets wat ons telkens weer eerstehands beleef. Baie dankie vir ALMAL se ondersteuning en mag die Here julle ryklik seën vir julle liefde en omgee.


Met baie liefde en waardering,

Petro en die Eljada-Huis-span.

Evangelisasie: Ps 72:13 / Diensbaarheid: Deut 15:11 / Verligting / Opleiding: Efs 4:28



Nagmaal Tafelplan





Nagmaal Tafelplan

MOEDERSKAMER	PREEKSTOEL			KONSISTORIE
	D31	D01 D21		
	D31	D33	D11	
	BANKE	BANKE	BANKE	
		D03	ORREL	
	BANKE	BANKE	BANKE	
	D25	D09	D05	
D35	D07	D15		
D29	D23	D15		
KOMBUIS	STOEP			
SAAL		STOEP	D07	
D19	D17		D27	
D13				
Kerk-kantoor	Lokaal	NAGMAAL 2de diens 10:00 Ongelyke nommers		



Ps 23

Vers 3

U bring vir my die tafel in gereedheid,
my hoof druiپ olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig;
dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae;
en in u huis, daar bly ek al my dae.

Ps 116

Vers 1

God het ek lief, want dié getroue HEER
hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae,
Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

Vers 7

Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld?
Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade
en by die kelk van heil sy Naam vermeld.